



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.
- 1.1.1 Die beste kampstelsel vir volhoubare weiding in suurveld:
- A Eenkampstelsel
  - B Tweekampstelsel
  - C Driekampstelsel
  - D Vierkampstelsel
- 1.1.2 Die gebruik van 'n handelsmerk, produkbeskrywing en 'n diagram wat die inhoud voorstel, is deel van ...
- A bemarkingswetgewing.
  - B standaardiseringswetgewing.
  - C etiketwetgewing.
  - D landbouprodukstandaarde.
- 1.1.3 Een van die beste maniere om 'n arbeider te motiveer om produktiwiteit op die plaas te verhoog, is om ...
- A werksure te verkort.
  - B erkenning vir goeie, produktiewe werk te gee.
  - C langer etenstye te gee.
  - D 'n paar alkoholiese drankies te gee.
- 1.1.4 Die hoeveelheid van 'n produk wat teen verskillende pryse beskikbaar is vir verbruikers om te koop:
- A Aanbod
  - B Vraag
  - C Markelastisiteit
  - D Markewewig
- 1.1.5 Die inkomstestaats van 'n besigheid kan uit die ... opgestel word.
- A daaglikse balansstaat.
  - B daaglikse kontantvloei.
  - C begrotingstaat.
  - D jaarlikse balansstaat.

1.1.6 Watter van die volgende is komponente van die vraagketting?

- (i) Mark
- (ii) Verspreiding
- (iii) Verkope
- (iv) Dienste

Kies die korrekte kombinasie uit die bostaande.

- A (i), (iii) en (iv)
- B (i), (ii) en (iv)
- C (i), (ii) en (iii)
- D (ii), (iii) en (iv)

1.1.7 EEN van die volgende is NIE 'n metode wat gebruik word om 'n landbouprodukt te bevorder NIE:

- A Advertensies
- B Direkte posbemarking
- C Handelskoue en uitstallings
- D Verkope aan 'n staatsagent

1.1.8 Effektiewe meganisering in boerdery is 'n oplossing vir die ...

- (i) gebrek aan onderrig onder plaaswerkers.
- (ii) koste van opleiding vir plaaswerkers.
- (iii) groeiende tekort aan plaaswerkers.
- (iv) produksie van beter produkte.

Kies die korrekte kombinasie uit die bostaande.

- A (i) en (ii)
- B (ii) en (iii)
- C (i), (ii) en (iii)
- D (i) en (iv)

1.1.9 'n Moontlike rede vir die gebruik van langtermynkrediet is om ...

- A die elektrisiteitsrekening te betaal.
- B voer vir diere te koop.
- C 'n nuwe prosesseringsaanleg te bou.
- D vervangingsdiere te koop.

1.1.10 Die aksies wat die veranderinge aan primêre landbouprodukte by 'n industriële aanleg beskryf:

- A Verspreiding
- B Preservering
- C 'n Bemarkingsketting
- D Prosessering

(10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Bemarkingsresep	A	elimineer ongewenste gedrag en skep 'n gevoel van samehorigheid in 'n boerdery-onderneming
1.2.2	Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990)	B	die klassifisering van grasspesies volgens hulle smaaklikheid soos beïnvloed deur hulle reaksie op beweiding
1.2.3	Dissipline	C	'n aspek van 'n bemarkingsplan wat die moeite werd is om in ag te neem
1.2.4	Klimaat	D	produk, prys, plek en promosie
1.2.5	Weidingbestuur	E	bepaal die lewensvatbaarheid van 'n besigheidsidee
1.2.6	Depresiasie	F	verskaf maatreëls om noodsaaklike nasionale gehaltstandaarde te handhaaf
1.2.7	Verbruikersvoorkeur	G	word deur 'n groep mense gevorm wat besluit om vir 'n gemeenskaplike doel saam te werk
1.2.8	Inventaris	H	'n beweeglike bate se verlies aan waarde as gevolg van slytasie
1.2.9	Poelstelsel	I	behels toesig
1.2.10	Uitvoerbaarheidstudie	J	'n rekord wat alle bates op 'n bepaalde tydstip aantoon
		K	die beginsel van koöperatiewe bemarking
		L	toestande wat elke jaar verander, maar wat steeds jaar na jaar ooreenkomste in 'n sekere seisoen toon

(10 x 2)

(20)

- 1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.
- 1.3.1 Wanneer diere in 'n kamp wei en sekere plante of plantdele bo ander verkies
- 1.3.2 'n Produksiestelsel wat in droë gebiede gebruik word waar diere op natuurlike veld aangehou word
- 1.3.3 Die hoeveelheid van 'n produk wat in 'n gegewe seisoen per hektaar geproduseer word
- 1.3.4 Die prosessering van 'n landbouproduk teen hoë temperature om te verseker dat geen lewendige organismes in die produk teenwoordig is nie
- 1.3.5 Die verandering van die produksiemetodes van 'n onderneming van arbeidsintensief na masjinerie-gebaseerd
- 1.3.6 Die tipe krediet wat 'n boer by 'n koöperasie kry vir die volgende produksieseisoen
- 1.3.7 Die finansiële staat wat alle moontlike inkomste en uitgawes van 'n boerderyonderneming vir die volgende jaar aantoon
- 1.3.8 Die metode om pryse vir landbouprodukte in 'n opemarkstelsel vas te stel
- 1.3.9 'n Bestuursbeginsel wat gebruik word om te verseker dat alle aktiwiteite vir die dag gedek word en dat alle hulpbronne optimaal benut word om maksimum wins te verseker
- 1.3.10 'n Landboukundige instelling wat deur 'n raad van lede bedryf word, wat plaasprodukte by die groot maat volgens vasgestelde standarde koop en verkoop (10 x 1) (10)
- TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B****VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING****Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

- 2.1 Die gesondheid van plaaswerkers is belangrik indien 'n hoë vlak van produktiwiteit in 'n boerderyonderneming bereik wil word.
- 2.1.1 Noem VIER uitwerkings van swak gesondheid op die produktiwiteit van 'n boerderyonderneming. (4)
- 2.1.2 Verduidelik die doel van die Wet op Werkloosheidsversekering, 2001 (Wet 63 van 2001). (2)
- 2.2 'n Belangrike vereiste wanneer een persoon instem om vir 'n ander te werk, is die opstel van 'n dienskontrak. Dié dienskontrak moet aan die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) voldoen.
- Noem VYF items wat by 'n dienskontrak ingesluit moet word. (5)
- 2.3 Noem VIER funksies van grond as 'n hulpbron in landbouproduksie. (4)
- 2.4 Die korrekte wegdoening van houers met plaagdoders en onkruidodders (chemikalieë) is baie belangrik in volhoubare omgewingsbestuur.
- 2.4.1 Adviseer boere in jou omgewing oor die beste metodes om van chemikaliehouers ontslae te raak. (2)
- 2.4.2 Beskryf die uitwerking van die verkeerde toediening van chemikalieë op grond en die omgewing. (4)
- 2.5 Noem DRIE aspekte van grondkwaliteit wat uit die interpretasie van gronddata afgelei word. (3)
- 2.6 Verduidelik die funksies van kontoere met betrekking tot hoe dit die beheer van gronderosie moontlik maak. (2)
- 2.7 Die gebruik van masjinerie wat met GPS-sensors en verskeie ander tipes metingstoerusting toegerus is, is 'n nuwe neiging in boerdery.
- 2.7.1 Noem enige DRIE voordele van die gebruik van sulke masjinerie in boerdery-aktiwiteite. (3)
- 2.7.2 Skryf die afkorting *GPS* voluit. (1)
- 2.7.3 Noem die boerderystelsel wat GPS gebruik. (1)
- 2.7.4 Definieer die term *ruitsel*. (2)
- 2.7.5 Noem TWEE soorte data wat uit 'n ruitsel verkry kan word. (2)
- 2.8 Noem VIER voorsorgmaatreëls waaraan voldoen moet word wanneer plaaswerkers met plaasimplimente en -masjinerie werk. (4)

- 2.9 'n Begroting is deel van die finansiële beplanning van enige boerdery-onderneming.
- 2.9.1 Beskryf DRIE primêre doelwitte van 'n begroting vir 'n boerdery-onderneming. (3)
- 2.9.2 Noem VIER voordele van 'n kontantvloeibegroting. (4)
- 2.10 Noem VIER bronne van inligting oor verskillende produksiemetodes in 'n spesifieke onderneming wat vir 'n boer beskikbaar is. (4)
- [50]

### VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING EN BESIGHEIDSBEPLANNING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

- 3.1 'n Sakeplan verduidelik hoe 'n entrepreneur geld sal verdien en wat die aanvangskoste van die besigheid sal wees.
- 3.1.1 Gee DRIE redes waarom dit nodig is om 'n sakeplan te ontwikkel. (3)
- 3.1.2 Kies TWEE faktore uit die SSGB ('SWOT')-analise metode wat die analise soos volg sal beïnvloed:
- (a) Intern (2)
- (b) Ekstern (2)
- 3.2 Boerdery is een van die baie vorme van entrepreneurskap.
- 3.2.1 Definieer die term *entrepreneurskap*. (2)
- 3.2.2 Identifiseer DRIE eienskappe van entrepreneurs. (3)
- 3.3 Verduidelik hoe 'n agritoerisme besigheid onder elk van die volgende tipes landboubesighede geklassifiseer kan word:
- 3.3.1 Primêre besigheid (1)
- 3.3.2 Sekondêre besigheid (1)
- 3.3.3 Tersiere besigheid (1)
- 3.4 Bespreek die doel van rekordhouding deur 'n boer. (2)
- 3.5 Jy is 'n deskundige in die gebruik van rekenaars in boerdery. Tabuleer TWEE voordele en TWEE nadele van die gebruik van rekenaars om rekords te hou. (4)
- 3.6 Noem DRIE soorte inligting oor 'n plaaswerker waarvan rekord gehou moet word. (3)
- 3.7 Noem TWEE soorte inligting wat in die logboek vir masjinerie aangeteken moet word. (2)



3.8 Beskryf kortliks die gebruik van die volgende brondokumente in die finansiële bestuur van 'n boerderyonderneming:

3.8.1 'n Inventaris (1)

3.8.2 'n Tjek (1)

3.8.3 'n Faktuur (1)

3.9 Gebruik die inligting in die tabel hieronder om die proefbalans vir 'n groenteboerdery-koöperasie op 31 Oktober 2014 te voltooi.

	R	c
Kapitaal	250 000	00
Salarisse	225 000	00
Debietorders	69 000	00
Bankkoste	2 000	00
Voertuie	88 000	00
Verkope	890 000	00
Koste van verkope	550 000	00
Handelsvoorraad	176 000	00
Skryfbehoeftes	13 500	00
Kontantonttrekkings	45 000	00
Huurinkomste	36 000	00
Rente op inkomste	7 000	00
Rente op lening	4 000	00
Water en elektrisiteit	7 000	00
Advertensies	2 000	00

**PROEFBALANS VAN GROENTEBOERDERY-KOÖPERASIE  
OP 31 OKTOBER 2014**

		Debiet		Krediet	
3.9.1	Kapitaal				
3.9.2	Kontantonttrekkings				
	Voertuie	88 000	00		
	Handelsvoorraad	176 000	00		
	Debietorders	69 000	00		
	Verkope			890 000	00
3.9.3	Huurinkomste				
	Rente op inkomste			7 000	00
	Koste van verkope	550 000	00		
	Salarisse	225 000	00		
3.9.4	Bankkoste				
	Skryfbehoeftes	13 500	00		
	Rente op lening	4 000	00		
	Water en elektrisiteit	7 000	00		
	Advertensies	2 000	00		
3.9.5	<b>TOTAAL</b>				

(1)


(1)

(1)

(1)

(2)

- 3.10 Noem TWEE faktore wat die ekonomiese lewensvatbaarheid van 'n plaas beïnvloed. (2)
- 3.11 Onderskei tussen *direkte bemarking aan groothandelaars* en *bemarking deur kommissie-agente*. (2)
- 3.12 Die diagram hieronder illustreer die roete wat 'n produk volg vanaf die plaas tot by verskillende verbruikers.



- 3.12.1 Identifiseer die bemarkingstelsel wat in die diagram hierbo geïllustreer word. (1)
- 3.12.2 Dui die verbruiker (A, B, C of D) aan wat die meeste sal betaal vir die produk wat van die plaas af kom. Ondersteun jou antwoord met TWEE redes. (3)
- 3.12.3 Identifiseer die tipe bemarkingskanaal van toepassing op Verbruiker A. (1)
- 3.13 Noem TWEE metodes om die prys vir 'n landbouproduk vas te stel. (2)
- 3.14 Die gelykbreekpunt is die punt waar koste gelyk is aan inkomste of waar die totale inkomste gelyk is aan die totale uitgawes. Bestudeer die inligting oor 'n landbouproduk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Verkoopprijs (VP)	R3 000 per ton
Vaste koste (VK)	R4 000 per hektaar
Veranderlike koste (VeK)	R2 000 per hektaar
Hektaar aangeplant	10 hektaar
Opbrengs	4 ton per hektaar

- 3.14.1 Bereken hierdie boer se bruto inkomste per seisoen. (2)
- 3.14.2 Bereken die minimum opbrengs per hektaar wat hierdie boer moet bereik om gelyk te breek. (2)

[50]

**VRAAG 4: OES, PROSESSERING, AGRITOERISME EN BESTUUR**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

- 4.1 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om voginhoud in ag te neem wanneer geoes word. (2)
- 4.2 Tabuleer die voordele en nadele van die berging van bederfbare gewasse deur die volgende stoortegnieke te gebruik:
- 4.2.1 Verkoeling (2)
- 4.2.2 Bevriesing (2)
- 4.3 Die prosessering van landbouprodukte hou voordele en nadele in. Prosessering help klein- tot mediumgrootte produsente om minder kwesbaar te wees vir prysfluktuasies in die mark.
- 4.3.1 Verduidelik die term *waardetoevoeging*. (2)
- 4.3.2 Noem TWEE voordele van waardetoevoeging in agribesigheid. (2)
- 4.3.3 Verduidelik hoe die toevoeging van waarde tot rou landbouprodukte tot die finansiële volhoubaarheid van 'n boerdery-onderneming bydra. (2)
- 4.4 Mikrobes oorleef en vermeerder onder gunstige omgewingstoestande.
- 4.4.1 Noem VIER toestande waaronder mikrobes NIE sal oorleef NIE. (4)
- 4.4.2 Noem TWEE voedselprodukte wat verkry word deur fermentasie-bakterieë tydens prosessering te gebruik. (2)
- 4.5 Baie boere voer hulle landbouprodukte uit om voordeel te trek uit die waarde van ander lande se geldeenhede.
- 4.5.1 Verduidelik die term *uitvoer*. (1)
- 4.5.2 Noem TWEE aspekte in verband met die uitvoer van landbouprodukte waarvoor die boer aanspreeklik gehou kan word. (2)
- 4.6 Bespreek die omgewingsreëls en -regulasies vir voertuie en sleepwaens waaraan voldoen moet word wanneer diere vervoer word. (8)
- 4.7 Bespreek die rol van plaaslike gemeenskappe in agritoerisme met betrekking tot die volgende:
- 4.7.1 Bemagtiging van die gemeenskap (2)
- 4.7.2 Betrokkenheid van gemeenskapslede (2)
- 4.7.3 Bewustheid van agritoerisme (2)

- 4.8      Kontrole is die bestuurstaak wat die koördinerings- en effektiewe funksionering van alle besigheidsaktiwiteite in 'n boerderyonderneming verseker.
- 4.8.1      Noem die moontlike stappe wat 'n boer moet implementeer vir die effektiewe bestuur van plaaswerkers. (4)
- 4.8.2      Noem DRIE voordele van beheermaatreëls. (3)
- 4.9      Verduidelik VYF redes vir die herbepanning van 'n onderneming in agribesigheid. (5)
- 4.10      Bespreek DRIE maniere waarop 'n boerderyonderneming die welstand van werknemers en gemeenskappe in die omgewing kan bevorder. (3)
- [50]**
- TOTAAL AFDELING B: 150**  
**GROOTTOTAAL: 200**